Sondag **15 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 8:1-17**

**Fokusgedeelte: Romeine 8:14-17**

**God se kinders deur die Gees is erfgename!**

In die tyd van die Bybel was daar nie groot verskil tussen slawe en kinders nie. Beide het kos, klere en blyplek gekry, en moes werk sonder vergoeding. Die enigste verskille was dat kinders verwek en gekoester was in liefde, en dat hulle erfgename was.

Hierdie gebruik word deur die Here in ons teksgedeelte gebruik om die verbondsverhouding tussen Hom en gelowiges te skets.

In Efesiërs 1:14 lees ons dat die Heilige Gees die *waarborg* is van ons erfenis. Die woord waarborg herinner aan die gebruik van die troupand wat destyds deur die bruidegom aan die bruid gegee was (dieselfde funksie as die trouring in vandag se tyd). Hierdie waarborg was die simbool daarvan dat die bruidegom die bruid liefhet, en dat sy nie moet twyfel aan sy belofte dat hy haar beslis sal kom haal nie.

Die Heilige Gees is vir ons die bewys, die waarborg, van God se liefde vir ons, die bewys dat ons sy kinders is. Sy kinders, omdat Hy ons in Christus Jesus oneindig liefhet! In hierdie liefde voed, klee en versorg Hy ons tydens ons aardse lewe.

Ons as sy kinders laat ons onsself ook lei deur die Gees! Ons maak nie meer soos ons wil nie, maar deur die Gees is ons innige begeerte om God met ons hele lewe en lewenswyse te behaag!

Ons leef ook nie in slawerny nie, maar as vrygemaak, aangeneem in en deur Jesus Christus. Ons roep God immers ook aan, soos Jesus ons geleer het, as ons Vader!

En ons weet – ons is erfgename! Trouens, ons erf saam met Christus! Ons erfporsie is niks minder nie, as die ewige lewe!

Kyk nou, met hierdie vertroosting uit God se verbondsgenade na jou lewe, na elke faset daarvan … Beoordeel nou jou kindwees in selfondersoek en eerlikheid. En as dit nodig is, sê dan: Ek sal opstaan en na my Vader gaan … (Luk. 15:17-24)

*Sing: Skrifberyming 24:1, 7*

*Ds. LSD (Lourens) du Plessis (Groblersdal)*